

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
17 Oktober 1971

Onderwerp: Twee kerkgangers

Lees: Jakobus 1 verse 19 tot 27

Teks: Jakobus 1 verse 22 tot 25

Sing: Psalm 89 vers 6
Gesang 14 vers 3
Psalm 33 vers 1

“Agter die naam van ’n predikant staan daar dikwels die letters VDM [*Verbi Divini (Dei) Minister*]. In Afrikaans beteken dit: Bedienaar van die Goddelike Woord. Dit is dus die worsteling en werk van die bedienaar van die Woord om die Woord by die mense en die mense by die Woord te bring. En daarvoor wil ons nou praat aan die hand van ’n profeet soos Jakobus.

“Jakobus was ’n praktiese man. Hy het sy vinger op die vinnige pols van die lewe gehad; ook op die lewe van die jong gemeente in Jerusalem. Hy het presies geweet wat daar aangegaan het; en het op grond van sy waarnemings ’n paar opmerkings daarvoor gehad.

“So werklik was die soort mense wat hy in sy teks beskryf het, dat ’n mens jousef moet afvra of Jakobus ons nie dalk geken het nie?

“Broers en Susters, die twee mense wat Jakobus hier onder die kollig gebring het, is albei kerkmense. Hulle is, soos hy hulle genoem het, hoorders van die Woord.

“Die Goddelike Woord hoor jy in die kerk, want Jesus het aan die kerk die bediening van die Woord toevertrou. As ’n mens die Woord van God wil hoor, moet jy kerk toe gaan. Dit het die eerste van Jakobus se twee kerkgangers ook gedoen; en dit moet ’n mens in sy lewe admireer. Al was hy ’n vergeetagtige hoorder, was hy ’n hoorder, ’n kerkganger.

“Dit kan ’n mens sekerlik nie van alle mense sê nie. Hoeveel verslaap en verknoei nie die kostelike Sondag met nikswerd en leë dinge nie. Hulle staan vêr agter Jakobus se beskrywing van hierdie kerkganger.

“Hierteenoor was hierdie kerkganger in ons teksvers iemand wat in vandag se terme, elke Sondag met sy vrou en kinders kerk toe gegaan het.

“As Jakobus maar net onderskeid gemaak het tussen mense wat kerk toe kom en dié wat nie kom nie, was ons veilig. Dan kon ons nou onder die preek veilig ons voete en bors uitgestoot het en geredeneer het dat die dominee nou besig is met hulle daarbuite. Dan het al die skote oor u heengetrek by die venster uit; en geval in die huise van hulle wat nooit kerk toe kom nie.

“Maar Broers en Susters, dit is nie die geval nie. Nee, Jakobus trek die kring baie nou om ons eie lewe en kerkgang. Die skote ontplof nie onder hulle wat nie kerk toe kom nie, maar val vanaand hier in die kerkbanke - hier tussen die getroue kerkgangers.

“Eintlik is dit ’n baie diplomatieuse teks. Eers laat dit jou fatsoenlik en netjies die diens binnekom en dan gaan Jakobus die vromes binne die kerk te lyf. Dié teks maak brutaal onderskeid tussen kerkgangers en kerkgangers.

“Hy wil ons op die skouer tik en sê: Vriend, u is ’n kerkganger. Pragtig! Maar watter soort kerkganger is u?

“Hierdie teks vra dit ook vanaand vir ons en ons sal moet antwoord.

“Die kerkganger waarmee Jakobus hier besig is, is iemand wat in die kerk wil wees. Dit was nie sy vrou wat hom kerktog gesleep het nie. Hy is ook nie die teësinnige, wat nou sit en wens dat die dominee tog amen moet sê nie. Hy is nie besig met die transaksie in die week wat voorlê nie; of mevrou so en so se nuwe hoed nie. Hy spieël homself nie in die lewens van sy medekerkgangers nie, maar in die Woord van God. Nee, ons hoorder is ’n aktiewe hoorder. Hy is met die Woord besig. Hy is soos ’n man wat sy gesig in ’n spieël sien. Die Woord is by hom. Dit is nie soos water op ’n eend se rug nie. Hy bestudeer homself in die lig van God se Woord. Ek sou sê: Hy is die voorbeeld van ’n pragtige kerkganger. Ek sou graag wou hê dat ons almal soos hierdie man na die preek moes luister.

“En hier kom nog iets in sy guns: Terwyl hy in die spieël kyk, sien hy homself. Hy is dus hier in die kerk nie net met die Woord besig nie, maar ook met homself. Daarom praat Jakobus van die kerkganger wat sy ‘natuurlike gesig’ sien, met ander woorde, ’n gesig wat nie opgesmuk is met verf en kamoeflering nie. Hy sien sy eie onopgesmukke gesig en dit is altyd ’n moeilike saak. Daarvan hou die mens nie. Hy sit nie gemaklik in die bank nie. Nee, hy weet waarheen die dominee oppad is. Sy gewete praat met hom onder die preek en hy sê vir homself: Kêrel dit was raak!

“Hy sien voor sy oë die natuurlike gesig van sy huwelik; van sy gesin; sy werk en van homself. Dit skuif soos ’n rolprent voor hom verby. Hy sien sy lewe, waarvan die sterk Woord van God alle vernis en verf verwyder het. Hy kyk in die donker dieptes van sy lewe en skrik. Hy sien die swart kolle van sy lewe: die eie Ek, die valsheid, die dik mantel van vroomheid en sy sondige bybedoelings in sy werk. Hy sien waar hy gesondig het teenoor God en sy naaste.

“Broers en Susters, o mag God gee dat ons sulke kerkgangers sal wees. Dat ons hier onder sy Woord ons natuurlike gesig sal sien. Met ander woorde, dat ons, onself sal sien soos God ons sien. Dan sien ons soos hierdie man, ons eie lewe in die spieël van God. Pragtig!

Maar Broers en Susters, buite die kerk kom daar maar min hiervan in hierdie man se lewe tereg. Die dominee sê amen en die kerk stroom leeg. Die man stap uit, vol van die preek en vol van sy eie aaklige natuurlike gesig en gaan huistoe. So gaan hy weg, sy lewenslamp is vol olie. Hy weet hoe hy lyk. Hy het gehoor van Jesus Christus. Hy weet nou dat God deur Jesus Christus vergewe. Hy weet hy moet nie meer nie. Hy weet die HERE sal krag gee. Sy lamp brand hoog. Maar wat sal tog met hom buite die kerkmure gebeur?

“Nou ja, buite die kerk loop dit effens mis met hierdie man. Hy is soos ons. Ons wil vergeet hoe ons lyk. Wie wil nou ’n aaklige gesig onthou?

“Jakobus skryf: ‘Want as iemand ’n hoorder van die woord is en nie ’n dader nie, dié is soos ’n man wat sy natuurlike gesig in ’n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.’ (Jak 1:23-24)

“Daarvoor moet daar ’n oorsaak wees. Miskien het ’n vriend buite die kerkdeure vir hom gesê: Die dominee het vanmôre weer swak gepreek. En daarmee het die selfportret wat hy onder die Woord van God verkry het, vervaag. En só, sonder dat hy dit agtergekom het, is die weersinwekkende selfportret versier, verfraai en gekamoefleer. Dit is tog nie so erg as wat die predikant dit gemaak het nie. Jakobus is ’n pessimis. Daar is mos nog Paulus, wat leer dat ’n mens van genade moet lewe. Dit is tog makliker as hierdie spieëlkykery van Jakobus. En behalwe dit, ek dink nie ek gaan weer vanaand kerk toe nie.

“En só word die kerkganger bedrieg. Dit is soos ’n druppel water op ’n gloeiende plaat. Hy gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.

“Hoe is dit moontlik? Ons gaan spreek die geneesheer en hy sê: Ek mag dit nie vir jou wegsteek nie. Dit is baie ernstig. U loop en waggel die spreekkamer uit met een ding wat in u gedagtes klop: die dodelike kwaal. Sou u dit kan vergeet? En hier was u onder die x-strale van die Groot Geneesheer. Die plate is geneem. Hy het u dit laat sien. U het self die donker kol gesien. U is dodelik siek aan ’n ernstiger kwaal as kanker of trombose - sonde, sonde, sonde! ’n Dodelike abses en u vergeet dit? En behalwe die kwaal vergeet u dat daar ’n Geneesheer en sy voorskrif is.

“Was ons vandag weer goeie hoorders? Het ons, ons beeld in God se spieël gesien? En ons gaan verlore? Dit is moontlik! As dit met die groen hout gebeur, wat dink u sal gebeur met die droë hout - die slapende kerkganger; óf hy wat nooit kom om te hoor nie?

“Maar Broers en Susters, daar is nog ’n ander kerkganger - die dader van die Woord. Hulle was albei onder dieselfde preek. Maar dié een was anders as die ander. Al twee was spieëlkykers. Die een het in die spieël gekyk, weggegaan en vergeet. Die ander het nie. Hy het diep in die spieël gesien, soos ’n man wat deur ’n mikroskoop kyk. Hy het hom ernstig verdiep in die beeld wat hy gesien het. As dit aaklig was, wou hy dit juis goed sien. Hy het daarin gestaar met al die erns van sy siel: Dat ek só kan lyk! Dat God my elke dag só moet sien? Hy het gestaar totdat trane van verlorenheid en sondaarskap sy starende oë verdof het.

“En toe het hy bewus geword van ’n ander beeld: Die beeld van Christus Jesus se lyding en sterwe; en die kroon van dorings op die bloeiende slape, wat alles vir hom verander het. Jesus Christus het die eis van God se Woord en Wet, wat hom so aaklig gemaak het, vervul en sy sonde vergewe. Nadat sy sondes vergewe is, kon hy as ’n dader van God se Woord heengaan.

“Waarom is ons geestelike lewe so dor? Is dit nie omdat ons hoorders is, maar nie daders nie? Wees gewaarsku dat ’n mens met jou getroue kerkgang onveranderd kan bly en verlore kan gaan!

“Gelowiges in Christus Jesus, moenie uitstel nie. Sê liewer hierbuite vir ’n vriend of vir my: Moet my nie kwalik neem nie, Dominee, ek moet dadelik huistoe. Daar ry die Broer met wie ek al jarelank nie meer langs dieselfde vuur sit nie. Ek wil na hom toe. Ek wil gaan regmaak. Dit kan nie wag nie.

“Reg, gaan doen dit. Moenie wag nie. Skep God se Woord in dae om. Die effek sal geweldig wees en jy sal gelukkig wees in wat jy doen.

“Liewe Broer en Suster, ons gaan soveel jare al kerk toe. Ons is soveel jare lank al hoorders van die Woord. Word nou ook ’n dader van die Woord. Gaan terug na jou probleme by die huis, jou jarelange siek vrou, na jou lastige bure, na Maandag met sy taak en roeping, na die volle groot lewe met sy wel en weë. Breek met jou sonde! Gaan terug en dra vrug. Waar ons ookal heengaan, moet ons die gehoorde Woord in dade omsit.

“Ons moet daders van God se Woord word.

“Amen.”